

## **Wat my gewete is!**

**Lees: 1 Joh 3:20,21**

**Maandag 2 Augustus 2021**

### **Wat is jou gewete?**

Jou gewete is die geestelike vermoë wat jy het om tussen goed en kwaad te onderskei.

Jou gewete is om te besef wat sedelik reg of verkeerd is.

Jou gewete is die vermoë om weet of jou gedagtes en jou doen en late, goed of sleg is.

Daarom dat ons soms kan sê: “As ek dit of dat doen, sal ek nie met my gewete kan saamleef nie.”

Dit beteken dat ek inherent, in myself weet dat iets nie goed is nie en daarom sal ek nie daarmee kan saamleef as ek weet, ek het willens en wetens verkeerd opgetree nie.

My oorlede ma het altyd gesê, jou gewete is daardie klein stemmetjie in jou wat vir jou sê of iets reg of verkeerd is.

Maar baie mense het maar ‘n stomp gewete, m.a.w. hulle doen maklik, moedswillig, iets verkeerd, maar dit is maar vir hulle reg en dit pla hulle nie regtig nie. Daarom kan jou gewete afgestomp raak, besoedel raak, los raak of jy kan jou gewete onderdruk en doen wat jy wil.

### **Wat bepaal egter ‘n christen se gewete?**

Dit is baie belangrik dat ons as christene weet, wat rif of lei my gewete in my besluite en lewe. Daar is definitief twee sake wat jou gewete vorm en bepaal.

**Die eerste is die Bybel.** Die Bybel leer aan ons wat reg en verkeerd is. Veral die tien gebooie.

**Die tweede is die Heilige Gees.** Die Heilige Gees woon en werk deur die Woord, in ons binneste en lei ons.

**Sodoende is die gewete, volgens prof PJ de Bruyn.** “Die geestesfunksie van die mens, waarkragtens hy, terwyl hy voor die alwetende God staan, saam met God en sy innerlike self weet dat ‘n saak net so en nie anders mag wees nie.” (*de Bruyn, P.J. 2008 Die tien Gebooie. bl. 5*)

- Hoe meer jy die Bybel lees en bestudeer en die inhoud baie ernstig opneem en jou eie maak, hoe meer word jou gewete gevorm en geskerp deur die Heilige Gees.
- So weet jy al makliker en duideliker wat jy moet doen en wat nie.

### **So ontwikkel jy....**

- **‘n Skoon gewete** (Hand 24:16; 2 Tim 1:3) Paulus sê dat hy met ‘n skoon gewete werk. **Hand 24:16** ““Daarom doen ek (Paulus) ook my uiterste bes om altyd 'n skoon gewete voor God en die mense te hê.”
- **‘n Goeie gewete 1 Tim 1:8-11** ‘n Goeie gewete word deur die tien gebooie, die wet van God gevorm.

- **'n Besoedelde gewete Tit 1:15** “Vir die reines is alles rein, maar vir die besoedeldes en ongelowiges is niks rein nie, want hulle verstand en hulle gewete is besoedel.”
- **'n Gewete wat jou aankla of vryspreek.** (Rom 2:12-16 veral 15) “Die optrede van sulke mense bewys dat die eise van die wet in hulle harte geskrywe staan. Ook hulle **gewetens** getuig daarvan wanneer hulle in 'n innerlike tweestryd deur hulle gedagtes aangekla of vrygespreek word.”
- **'n Gewete wat jou lei om nie die met 'n swak gewete te verlei nie.** **1 Kor 8:10** “As jy wat hierdie kennis het, in 'n afgodstempel gaan eet en iemand met 'n swak gewete sien jou, sal dit hom dan nie aanmoedig om die vleis as afgodsoffer te eet nie?”

**Die griekse woord vir gewete is “suneidēsis.”**

Maar die Bybel praat ook dat jou hart simbolies jou gewete is.

**So lees ons van die bevryding wat Jesus Christus vir ons gebring het deur sy versoeningsverdienste aan die kruis in 1 Johannes 3:18-24:**

- 18 “Liewe kinders, ons liefde moenie net woorde en lippetaal wees nie, maar moet met die daad bewys word, en dan in opregtheid.
- 19 Hierdeur kan ons ook te wete kom dat ons aan die ware God behoort en kan ons **ons gewete** voor Hom tot rus bring.
- 20 As **ons gewete** ons veroordeel – God is groter as **ons gewete**, en Hy weet alles.
- 21 Geliefdes, as **ons gewete** ons nie veroordeel nie, het ons vrymoedigheid om na God te gaan;
- 22 en wat ons vra, kry ons van Hom omdat ons sy gebooie gehoorsaam en doen wat Hy goedvind.
- 23 En dít is sy gebod: Ons moet in sy Seun, Jesus Christus, glo en ons moet mekaar liefhê ooreenkomstig die gebod wat Hy ons gegee het.
- 24 Wie sy gebooie gehoorsaam, bly in God en God in hom. Hiéaraan weet ons dat Hy in ons bly: Hy het ons sy Gees gegee.”

Ons gaan die volgende paar kere dan stilstaan by die wet wat ons gewete vorm.

Doel van die wet. 1 Tim 1:8-11

**Bronne**

**de Bruyn, PJ.** 2008 Die tien Gebooie. bl. 5

**Odendal FF** (Hoofred.) 1987 HAT p.287

*Ds Gerrit Kruger: Gereformeerde Kerk Centurion: Sel 082 964 5595: gskruger1@gmail.com*